

HOOFSTUK III'N TYDPERK VAN UITBREIDING EN KONSOLIDASIE VOLG ONDER DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAPA. DIE UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT BREI SY FUNKSIES UIT EN WORD DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

In 1948 het die Unie-Onderwysdepartement n heeltemal nuwe voorkoms gekry. Tot hiertoe het hy hom feitlik uitsluitlik met bona fide onderwyssake bemoei maar in hierdie jaar is sy werksaamhede tot ver buite die terrein van die onderwys uitgebrei. In ooreenstemming met die aanbevelings van die Centlivres-kommissie¹⁾ het hy n aantal inrigtings en afdelings van die Departement van Binnelandse Sake oorgeneem wat soos volg saamgevat kan word:

1. Beheer oor die Staatsargief, Unie-Sterrewag en die Argeologiese Opname; en
2. uitvoering van die Wet op Staatsondersteunde Inrigtings, 1931 (Wet No. 23 van 1931).²⁾ Hierdie Wet beheer sekere inrigtings soos biblioteke, museums, kunsgalerye, diere-tuine, plantetuine e.a. wat n hulptoelaag van die staat ontvang en waaroor die staat gevolglik n sekere mate van beheer uitoefen.

As gevolg van die verskeidenheid werksaamhede wat hy nou behartig het, het die Departement se naam ook verander na die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.³⁾

-
- 1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1948, p.4.
 - 2) Department of Education, Arts and Science. Functions of the Department of Education, Arts and Science. p.1.
 - 3) Die nuwe benaming van die Departement, asmede die aard van die werksaamhede wat aan hom opgedra is, stem ooreen met die gelyknamige Ministerie van Onderwys, Kunste en Wetenskappe wat in 1918 in Nederland tot stand gebring is. (Vergelyk Op't Hoff, J.J.P.: Tegniese onderwys vir seuns in Nederland, n verslag opgestel in sy hoedanigheid as Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap), p.2. Vergelyk ook Pelzer: Die reëling vir en die organisasie van die die laer; middelbare en voorbereidend-hoër onderwys in Nederland met n vergelykende toepassing op ooreenkomstige verhoudinge in die Unie van Suid-Afrika, p.18.

In verband met die uitvoering van sy werksaamhede is die volgende wette aan die Departement opgedra:

1. Hoër Onderwyswet, 1923 (Wet No. 30 van 1923)
2. Wet op Staatsondersteunde Inrigtings, 1931 (Wet No. 23 van 1931)
3. Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (Wet No. 4 van 1934)
4. Wet op Beskerming van Name, Uniforms en Wapens, 1935 (Wet No. 23 van 1935)
5. Wet op Buitengewone Onderwys, 1948 (Wet No. 9 van 1948)
6. Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951 (Wet No. 38 van 1951)
7. Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955) (Elke universiteit het ook sy eie private wet).
8. Wet op Beroepsonderwys, 1955 (Wet No. 70 van 1955)
9. Anatomie-wet, 1959 (Wet No. 20 van 1959)
10. Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959 (Wet No. 45 van 1959)
11. Kinderwet, 1960 (sover dit nywerheidskole en kinderskole aanbetref) (Wet No. 33 van 1960)
12. Wet op Bevordering van Tegnologiese Opleiding, 1960 (Wet No. 69 van 1960)
13. Wet op Argiewe, 1962 (Wet No. 6 van 1962)
14. Wet op Heraldiek, 1962 (Wet No. 18 van 1962)
15. Wysigingswet op Vakleerlinge, 1963 (ten opsigte van die afneem van ambagstoetse) (Wet No. 46 van 1963).
16. Wet op Nasionale Studielenings en Beurse, 1964 (Wet No. 89 van 1964)⁴⁾

Bo en behalwe die bogenoemde wette het die Departement ook sekere funksies met betrekking tot n aantal ander wette.

4) Department of Education, Arts and Science. Functions of the Department of Education, Arts and Science, p. 1-2.

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se werksaamhede word gerieflikheidshalwe, en volgens die Departement se gebruik, in die volgende vier kategorieë verdeel:

- a. Onderwys
- b. Hulpdienste
- c. Koördineringsdienste
- d. Skakeldienste

B. 'N OORSIG OOR DIE FUNKSIES VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

Die belangrikste van die Departement se funksies sedert 1925 was sekerlik sy onderwysfunksie. Heelwat van die Departement se ander funksies het egter ook regstreeks of onregstreeks in verband met onderwysaangeleenthede gestaan. Gevolglik word hier 'n kort oorsig oor die Departement se funksies gegee ooreenkomstig die reeds genoemde vierledige indeling. Hierdie funksies word beskryf asof hulle nog steeds verrig word aangesien die Departement van Nasionale Opvoeding tans nog, met geringe veranderinge, dieselfde funksies behartig.⁵⁾ Die belangrikste verandering wat ingetree het, was dat departementele beroepskole in 1968 aan die provinsiale onderwysdepartemente afgestaan is. Sommige onderwysinrigtings het sedertdien ook van naam verander en dié veranderinge word, waar van toepassing, aangedui.

1. Onderwys.

a. Departementele inrigtings.

Hierdie inrigtings word regstreeks deur die staat bestuur en beheer. Dit sluit o.a. die volgende aspekte van bestuur in: finansiering, voorsiening van personeel, betaling van salarisse, verskaffing en instandhouding van geboue en terreine, verskaffing van voorrade, bepaling van beleid, ens. Dit wil sê dié aspekte waarvoor in die Beroepsonderwyswet van 1955 en die regulasies daarkragtens uitgevaardig, voorsiening gemaak word. In hierdie kategorie val die volgende:

5) Vergelyk die Departement se jaarverslae.

departementele beroepskole en kolleges
 vakleerlingskole (tans bekend as tegniese kolleges)
 Nasionale Ambagskool vir Vakmanne
 spesiale skole wat buitengewone onderwys verskaf
 nywerheidskole
 verbeteringskole⁶⁾

Die volgende tabel dui die Departement se direkte uitgawes ten opsigte van bepaalde departementele inrigtings in die 1967/1968-boekjaar aan:

TABEL II: UITGAWES VAN DIE DEPARTEMENT TEN OPSIGTE VAN DEPARTEMENTELE INRIGTINGS, 1967/1968.

1. Departementele hoër tegniese-, hoër handel-, hoër huishoudskole en departementele tegniese kolleges	R12 021 940
2. Nywerheidskole	2 024 538
3. Verbeteringskole	252 849
4. Skole vir liggaamlik-afwykendes te Kimberley ..	442 184 ⁷⁾
Totaal	<u>R14 741 511</u>

Die sogenaamde departementele beroepskole (die hoër handel-, tegniese en huishoudskole) plus die departement se tegniese kolleges het tot in hierdie stadium verreweg die grootste uitgawe meegebring. Die uitgawes ten opsigte van verbeteringskole en departementele spesiale skole was in verhouding betreklik laag aangesien daar slegs twee verbeteringskole vir blankes bestaan en in hierdie stadium ook slegs twee departementele spesiale skole was.

b. Gesubsidieerde inrigtings

n Groot verskeidenheid van inrigtings word deur die Staat gesubsidieer en die verantwoordelikheid vir die uitvoering van die wetteregtelike bepalings wat op

6) Vergelyk die Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1967, p.(v).

7) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.196.

hierdie inrigtings van toepassing is, is aan die Departement opgedra. Die Departement is ook verantwoordelik vir die inspeksie van hierdie inrigtings (behalwe vir universiteite) ten einde te verseker dat die geld bestee word ooreenkomstig die voorwaardes soos deur die Staat opgelê. Die volgende soorte inrigtings ontvang hulptoelaes van die Departement:⁸⁾ universiteite, outonome tegniese kolleges (tans bekend as kolleges vir gevorderde tegniese onderwys), sekere spesiale skole, voortsettingsklasse (tans bekend as tegniese institute) en kunsskole en kunsafdelings.⁹⁾

Die volgende tabel dui die Departement se direkte uitgawes ten opsigte van bepaalde staatsondersteunde inrigtings in die 1967/68-boekjaar aan:

TABEL III: UITGAWES VAN DIE DEPARTEMENT TEN OPSIGTE VAN STAATSONDERSTEUNDE INRIGTINGS, 1967/68

1. Toekennings aan tegniese kolleges en voortsettingsklasse	R 3 913 544
2. Staatsondersteunde spesiale en vakskole	1 820 563
Totaal	<u>R5 734 107</u>

Met universiteite buite rekening gelaat, blyk dit dat tegniese kolleges en voortsettingsklasse (veral die tegniese kolleges) dié staatsondersteunde inrigtings is wat die grootste staatsuitgawes verg. Dit blyk ook dat die uitgawes ten opsigte van staatsondersteunde spesiale skole veel groter is as ten opsigte van departementele spesiale skole (kyk tabel II) aangesien eersgenoemde skole in die meerderheid is:

2. Administratiewe instellings.

a. Algemeen.

Benewens die regstreekse verskaffing van sekere onderwysdienste is die Departement (vandag nog) ook

8) Hierdie indeling het in 1968 verander na aanleiding van die bepalinge van artikel 5(1) en (2) van die Wet op Onderwysdienste, 1967. Die verandering word in verdere hoofstukke aangedui.

9) Vergelyk die Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1967, p.(v).

opgesaal met talle ander funksies. Sommige van hulle staan in verband met die onderwys maar ander val heeltemal buite die terrein van die onderwys. Sommige van hierdie dienste word regstreeks deur die Departement verskaf terwyl hy slegs beheer oor ander uitoefen. Behalwe enkele van hierdie instellings wat ingevolge 'n besondere wet gereël of ingestel is, is daar ook talle dienste wat ontstaan het na aanleiding van kabinetsbesluite of administratiewe besluite van owerheidsweë.¹⁰⁾

Bogenoemde instellings word vervolgens onder die volgende benamings geklassifiseer:

b. Hulpdienste.

Die Departement voorsien 'n hele reeks van dienste wat ten doel het om onderwys in die algemeen te bevorder. Hierdie dienste word beskikbaar gestel aan alle skole en inrigtings wat daarvan gebruik wil maak, ongeag die feit of hulle onder die Departement se bestuur of onder die provinsiale owerhede se bestuur val en of hulle staatsinrigtings of staatsondersteunde inrigtings is.¹¹⁾

Die volgende hulpdienste word deur die Departement behartig:

Argief

Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing
(later vervang deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing)

Taaldiensburo

Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte

Historiese Monumentekommissie

Biblioteke

Buro vir Heraldiek.

Eksamens

Oudiovisuele onderwys

10) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Personeelhandleiding, p.10.

11) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1946-47, p.5.

Sentrale Organisasie vir Vaktoetse
 Museums
 Kunsgalerye
 Openbare biblioteke
 Dieretuine
 Botaniese tuine
 Pleknamekomitee
 Afrikaanse Woordeboekkomitee
 Eksamenraad vir buitengewone onderwys
 Nasionale Studieleningskomitee
 Komitee vir taallaboratoriumonderrig
 Komitee vir die sertifisering van opvoedkundige
 films.¹²⁾

c. Koördineringsdienste.

Aangesien daar vyf onderwysdepartemente en talryke
 ander staatsdepartemente is wat onderwysdienste van een
 of ander aard lewer, het die behoefte ontstaan om koör-
 dinerende maatreëls te tref ten einde te verseker dat
 daar 'n gemeenskaplike beleid en prosedure gevolg word.
 Hierdie koördinering het al hoe belangriker geword en
 is geneig om tot baie nuwe onderwysterreine uit te brei.¹³⁾

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap
 verskaf die volgende koördineringsdienste:

Komitee van onderwyshoofde
 Vise-kanselierskomitee
 Staande komitee vir buitengewone onderwys
 Gemeenskaplike matrikulasieraad
 Nasionale adviserende raad vir opvoeding buite skool-
 verband met sy onderkomitees vir liggaamlike op-
 voeding, opvoeding vir volwassenes, bevordering van
 kuns en bevordering van wetenskap.
 Nasionale raad vir sosiale navorsing
 Universiteitsadvieskomitee

12) Department of Education, Arts and Science. Functions of the Department of Education, Arts and Science, p.21.

13) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1946-47, p.5.

Nasionale Heraanpassingskomitee en Beroepsraad
 Tafelbergbewaringsraad
 Adviesraad vir handelskeepvaartopleiding
 Raad vir die erkenning van regseksamens
 Raad vir die erkenning van landmeterseksamens
 Interdepartementele Adviserende Komitee vir Opvoed-
 kundige en Maatskaplike Navorsing
 Interdepartementele filmkeurkomitees
 Nasionale Raad vir Oudiovisuele Onderwys
 Komitee vir waardebeplanning van buitelandse sertifika-
 kate
 Eksamenadvieskomitee
 Komitee insake kultuurverdrae met ander lande
 Komitees vir wederkerige beursuitruilskemas.¹⁴⁾

d. Skakeldienste.

Die Departement reël samewerking of skakeling met ander departemente en liggame sonder dat hy bepaald verantwoordelikheid vir koördinerings aanvaar. Maatskaplike organisasies raak steeds ingewikkelder en kontak met buitelandse inrigtings word steeds belangriker. Deur sy skakeldienste beywer die Departement hom daarvoor om hierdie kontak te handhaaf.¹⁵⁾

Die volgende skakeldienste word deur die Departement behartig:

Interdepartementele adviserende komitee vir beroeps-
 voorligting.

Buitelandse kontakte met liggame soos die inter-
 nasionale onderwysburo.¹⁶⁾

14) Department of Education, Arts and Science. Functions of the Department of Education, Arts and Science, p.21.

15) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1946-47, p.5.

16) Department of Education, Arts and Science. Functions of the Department of Education, Arts and Science, p.21.

C. DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP KONSOLIDEER SY BEHEER OOR BEROEPSONDERWYS.

1. Die stelsel van verdeelde beheer kom opnuut onder die soeklig gedurende die vyftigerjare.

Begerige oë is in Maart 1953 op beroepsonderwys gerig toe die Transvaalse Onderwysersunie op sy kongres gepleit het vir die oornome daarvan deur die provinsiale onderwysdepartemente.¹⁷⁾ Op sy beurt het die kongres van die S.A.V.V. dit duidelik gestel dat hy verkies dat beroepsonderwys nie aan die provinsies oorgedra word nie, maar dat die status quo gehandhaaf word. Die besluit van die T.O. se kongres is derhalwe "ten sterkste afgekeur". Daar is ook van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 'n besliste houding en verklaring ten opsigte van hierdie saak gevra.¹⁸⁾ Die Minister van Onderwys het op 22 November 1954 herbevestig dat tegniese onderwys die funksie van die Sentrale Regering is en sal bly.¹⁹⁾

In hierdie stadium het daar ook ander verwikkelinge plaasgevind wat verreikende invloed op die administrasie van tegniese en beroepsonderwys gehad het. Dit word vervat in kabinetsbesluite op 22 November 1954 wat die volgende behels het:

- a. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap sal alle outonome tegniese kolleges geleidelik vanaf die begin van 1956 as volle staatsinrigtings oorneem.
- b. Na gelang die inrigtings oorgeneem word, word voltydse beroepsonderwys aan tegniese kolleges tot matrikulasiepeil vry, net soos die geval aan ander departementele vakskole en aan provinsiale sekondêre skole is.
- c. Beroepsonderwys is en bly 'n funksie van die regering.

Daar is ook aangekondig dat wetgewing in verband met beroepsonderwys voorberei word.²⁰⁾

17) Voorsittersrede, kongres van die Suid-Afrikaanse Vakskoolvereniging (S.A.V.V.), Queenstown, September 1954 Werk, Maart 1955 (No. 88), p.15

18) Kongresbesluit (Vraag 36 aan die Departement), kongres van die S.A.V.V., Queenstown, September 1954, Werk, Maart 1955 (No. 88), p.38.

19) Ibid., (antwoord van die departement), p.43.

20) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1953 - 1954, p.7.

Die kwessie van verdeelde beheer het gedurende 1955 baie aandag geniet, op verskillende terreine. Vroeg in dié jaar, op 1 Februarie, het mnr. Dirk Mostert, L.V., 'n mosie in die Volksraad ingedien waarin hy gewys het op die noodsaaklikheid van 'n eenvormige en gekoördineerde onderwysbeleid in Suid-Afrika.²¹⁾

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het sy jaarvergadering van 30 Junie tot 2 Julie, 1955, gewy aan verskillende gesigspunte van die onderwys, o.a. aan die stelsel van verdeelde beheer. In sy toespraak voor die Akademie het prof. J. Chris Coetzee die probleem van verdeelde beheer soos volg opgesom:

"Teoreties is daar twee moontlikhede: die Unie beheer alle onderwys oor die hele land, of die provinsies beheer elk alle onderwys in daardie provinsie alleen. Die 'Zuid-Afrika-Wet' het egter anders bepaal: Onderwys, uitgesonder hoër onderwys onder dié van die Unie self. Die Wet het dus 'n derde weg aangegee En daarom is die enigste gesonde weg: Uniale sentralisasie met provinsiale desentralisasie, of 'n behoorlike verdeling van die beheer in arbeid tussen Unie en provinsies."²²⁾

Die pleidooi vir 'n "behoorlike verdeling van die beheer" oor onderwys was ook die tema van die Memorandum van die Afrikaanse Kerke wat vroeg in 1955 gepubliseer is.²³⁾

Hierdie memorandum was 'n baie deeglike studiestuk waarin ingegaan is op die geskiedenis van die probleem en die nadelige gevolge van die verdeelde beheer en ook 'n oplossing aan die hand gedoen word om dié vraagstuk te beëindig. Dié memorandum is na die Komitee van Onderwys hoofde verwys.

21) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1955, p.7.

22) Coetzee, J.C. Uniale beleid en beheer in verband met die openbare skoolwese. Referaat gelower op die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 30 Junie 1955, p.62.

23) Memorandum van die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van Suid-Afrika oor die behoeftes van 'n Uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys, 1955.

2. Die Wet op Beroepsonderwys van 1955.²⁴⁾

In sy jaarverslag van 1955 het die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap die volgende betekenisvolle opmerking gemaak. Hy het naamlik gesê dat die aanneme van die Beroepsonderwyswet van 1955 seker die belangrikste mylpaal in die ontwikkelingsgeskiedenis van beroepsonderwys sedert die oorname daarvan deur die Sentrale Regering in die twintigerjare is.²⁵⁾ Met hierdie Wet is daar vir die eerste keer 'n poging aangewend om 'n behoorlike skeidslyn tussen beroeps- en algemene onderwys te trek. Verder is ook voorsiening gemaak vir die geleidelike oorname deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap van die tegniese kolleges as volle staats-beheerde inrigtings. Voortaan sou alle beroepsonderwys onder hierdie Departement, van die laagste tot die hoogste peil, deur een wet gereguleer word.²⁶⁾ 'n Senior amptenaar van die Departement het gekonstateer dat die doelstelling met Wet No. 70 van 1955 drieledig van aard is, t.w.:

- a. Dit konsolideer die vorige wetgewing ten opsigte van beroepsonderwys.
- b. Dit maak die oorname van tegniese kolleges 'n werklikheid.
- c. Dit omlin die funksie van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap soos dit geopenbaar en uitgevoer word in sy skole.²⁷⁾

Die onderhawige Wet het ook nou 'n einde gemaak aan die gedurige bespiegeling oor wie verantwoordelik vir beroepsonderwys, in sy verskillende vertakkinge, is. Soos reeds vroeër aangedui is, het die Beroepsonderwyswet van 1928 nie 'n doeltreffende afbakening van die beroepsgerigte skoolvakke van die provinsies enersyds en die "beroepsonderwys" van die Unie-

24) Wet op Beroepsonderwys, 1955 (Wet No. 70 van 1955), geproklameer op 30 September 1955.

25) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1955, p.7.

26) Ibid.

27) Openingsrede van mnr. P. Grobbelaar by die kongres van die S.A.V.V., Maart/April 1956, Werk, Junie 1956 (No. 93), p.5.

Onderwys, andersyds, gegee nie. Bowendien is "hoër onderwys" agterna in twee finansiële wette omskrywe. Teen 1955 het die verdeling van die onderwys tussen die Unie en die provinsies nog nie op 'n bevredigende basis berus nie.

In die Wet word 'n omskrywing van beroepsonderwys gegee tesame met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se funksies. Dit het ongetwyfeld duidelikheid gegee in verband met die Regering se beleid in verband met beroepsonderwys.²⁸⁾ Die Wet het verder op ondubbelsinnige wyse aangedui dat beroepsonderwys 'n funksie van die Sentrale Regering was en dat dit sy funksie sou bly.²⁹⁾

'n Verdere konsekwensie van die rigoristiese skeiding van algemeen-vormende en beroepsgerigte onderwys, was dat dit die ideaal van gedifferensieerde onderwys onder sentrale beheer buite bereik geplaas het. In dié verband konstateer Pistorius dat suksesvolle toepassing van die differensiasiebeleid ten nouste met eenheid in onderwysbeheer saamhang.³⁰⁾ Hierdie sogenaamde gedifferensieerde onderwys sou eers kom na die verkryging van 'n nasionale onderwysbeleid met die aanname van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid van 1967.

3. Die oorname van outonome tegniese kolleges deur die Sentrale Regering.

Soos reeds genoem, het die nuwe Wet (Wet No. 70 van 1955) voorsiening gemaak vir die oorname van die outonome tegniese kolleges deur die Regering (artikel 3 van die Wet). Dit is verder bepaal dat 'n kollege of skool (tak van 'n kollege) wat oorgeneem is vir alle doeleindes geag sal word 'n skool te wees wat kragtens Wet No. 70 van 1955 ingestel is.³¹⁾ Met ander woorde, so 'n skool of kollege sal na oorname net soos 'n gewone departementele beroepskool geadministreer word.

28) Vergelyk Nel, B.F. Aspekte van die onderwysontwikkeling in Suid-Afrika, p.73-74.

29) Behr en MacMillan. Education in South Africa, p.11.

30) Pistorius, P. Gister en vandag in die opvoeding, p.305.

31) Artikel 6(1)(c).

Die oorname van die tegniese kolleges deur die Regering was n belangrike en ingrypende stap want die kolleges het voorheen tot n groot mate outonome status geniet. Na oorname sou hulle geheel en al by die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se beleid en organisasie moes inskakel aangesien alle tegniese en beroepsonderwys dan onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se beheer sou val.

Voor die ingebruikneming van Wet No. 70 van 1955, het dit al reeds duidelik geword dat die vorm van beheer en finansiering van tegniese kolleges ooreenkomstig die Hoger Onderwijs Wet van 1923 en Wet No. 27 van 1931 as gevolg van die verandering van omstandighede ondoeltreffend geword het. Uit die oogpunt van gesonde staatsbeleid het n verandering in die vorm van beheer onontbeerlik geword.³²⁾

In sy beleidstoespraak in die Senaat gedurende Mei 1955 het die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap inter alia gesê dat die finansiële las van die kolleges in daardie stadium grootliks op die Staat gerus het. n Departementele Kommissie wat ondersoek ingestel het na die finansiële toestand van die tegniese kolleges het bevind dat slegs 3,3% van die kolleges se lopende inkomste deur plaaslike publieke liggame en privaat persone bygedra is, terwyl die restant hoofsaaklik van die Staat en in n mindere mate uit klasgelde verkry is.³³⁾

Met die invoer van vry voltydse beroepsonderwys tot die matrikulasiepeil, sal die staat feitlik die volle koste van hierdie onderwys dra. In hierdie verband is dit interessant om daarop te let dat die beginsel nl. dat alle verpligte onderwys gratis moet wees, al in 1923 deur die Lawn-kommissie in sy verslag genoem is. Dié kommissie het aanbeveel dat alle onderwys binne die grense van skoolplig gratis moet wees en dat skoolgelde slegs betaal moet word in gevalle waar die skoolpliggrens verbygesteek word.³⁴⁾

32) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1955, p.9.

33) "Beleidstoespraak van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap in die Senaat" op 9 Mei 1955, Werk Junie 1955, (No. 89), p. 5-6.

34) First Report of the Education Administration Commission, 1923 (U.G. 41-1923), par. 97-100.

By n latere geleentheid het die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap gesê dat dit die Departement se voorneme is om die kolleges in n nog gunstiger finansiële posisie te stel om sodoende n nog groter diens aan die Handel en Nywerheid en die volk in die geheel te kan lewer.³⁵⁾ Die geldende beginsel hier is dus dat namate die besteding van staatsgeld toeneem, daar ook toenemende beheer en kontrole deur die Staat moet wees en wel by wyse van statutêre bepalings.³⁶⁾

Hierdie manuvreuring het belangrike implikasies op die Departement se beleid ten opsigte van beroepsonderwys in die breë gehad: die doelstelling ten opsigte van gratis onderwys sou nou verwesenlik kon word asmede dat die Departement sy beleid in verband met beroepsonderwys meer vaartbelyn sou kon maak, veral wanneer hy uiteindelik regstreeks beheer oor al die beroepsonderwys sou hê. Die kolleges was, as gevolg van hulle outonome status en die gevolglike groot invloed van plaaslike beheer, geneig om hulle eie koers in te slaan. Die afsondering van tegniese kolleges vir na-matrikulasie onderwys het insgelyks daartoe bygedra dat die kolleges hul onverdeelde aandag aan hierdie terrein kon wy. Dit het die vooruitsig meegebring dat gevorderde tegniese onderwys uiteindelik tot sy reg kon kom en die status van die kolleges het dientengevolge ook gestyg.

Ten einde die kwessie van die oornome van die tegniese kolleges in die regte perspektief te stel, dien gemeld te word dat die Departement ten slotte besluit het om die vier groot tegniese kolleges (te Johannesburg, Pretoria, Durban en Kaapstad) nie oor te neem nie. Die besluit is geneem ten einde hulle in staat te stel om te voorsien in die groter aanvraag na opgeleide werkers as gevolg van die snelle uitbreiding in die Handel en Nywerheid. Hulle sou dus hulle outonome status behou. Hierdie stap is gedoen op voorwaarde, inter alia, dat die genoemde kolleges hulle werksaamhede hoofsaaklik beperk tot tussen matrikulasie en universiteitsopleiding.³⁷⁾

35) Redaksioneel, Mente et Manu, Maart 1956, (No. 10), p.10.

36) Vergelyk Lewis en Loveridge. The Management of education, p.84.

37) Verklaring van die Minister van Onderwys. Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys Desember 1966 (No. 31), p.19.

D. DEPARTEMENTE VIR NIE-BLANKES NEEM SEKERE SKOLE VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP OOR.

Ooreenkomstig die Regering se beleid om alle onderwys vir Nie-blankes onder Staatsdepartemente vir Nie-blankes te laat ressorteer, is die nywerheid- en verbeteringskole vir Kleurlinge geleidelik vanaf 1 April 1958 na die Departement van Kleurlingsake oorgeplaas.³⁸⁾ Na aanleiding hiervan is 9 staatsondersteunde beroepskole vir Kleurlinge op 1 April 1960 na dié Departement oorgeplaas.³⁹⁾ Vanaf 1965 is die Wet op Beroepsonderwys van 1955 ook nie meer van toepassing op Indiërs nie, na aanleiding van die Wet op Onderwys vir Indiërs 1965 (Wet No. 41 van 1965) wat in dié jaar aangeneem is.⁴⁰⁾

E. 'N VERGELYKING VAN DIE ONDERWYS ONDER DIE BEHEER VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP MET DIÉ ONDER DIE BEHEER VAN DIE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE.

1. Verskillende owerhede in Suid-Afrika is verantwoordelik vir onderwys.

Daar is vandag verskillende onderwysdepartemente in Suid-Afrika wat regstreeks met onderwys gemoeid is. Hulle is die Departement van Nasionale Opvoeding, die vier provinsiale onderwysdepartemente en die onderwysdepartement van Suidwes-Afrika. Voor 1967, toe die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet No. 39 van 1967) verskyn het, kon elk van hierdie departemente selfstandig sy eie beleid formuleer en toepas sonder enige wetlike verpligting, om met die ander rekening te hou.⁴¹⁾ Die gevolg hiervan was n betreklik kaleidoskopiese onderwysstelsel met net soveel onderlinge verskille as ooreenkomste. Hierdie verskille het sig op verskillende vlakke vertoon,

38) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1958, p.1.

39) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1960, p.4.

40) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1965, p.6.

41) Cilliers, op.cit., p.6.

byvoorbeeld ten opsigte van finansiële voorsiening, leerplanne, eksaminering, sertifisering, opleiding van onderwysers, ens. Behalwe genoemde onderwysdepartemente is daar ook nog talle ander staatsdepartemente wat kwasi-onderwysdienste verskaf, soos byvoorbeeld die Departement van Landbou-tegniese Dienste, die Departement van Mynwese, die Departement van Pos- en Telegraafwese, die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens ens.⁴²⁾

Die belangrikste onderwyswet wat ooit in Suid-Afrika verskyn het, nl. die genoemde Wet op Nasionale Onderwysbeleid, wat op 1 Januarie 1968 in werking getree het, het reeds begin om aan die Republiek se onderwysstelsel meer eenvormigheid te gee. Dié bedeling word in 'n latere afdeling uiteengesit. Vir eers word kortliks gewys op die toestand wat vir baie jare geduur het, veral sover dit die eertydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die provinsiale onderwysdepartemente aangaan. 'n Kort vergelyking word vervolgens getref tussen die staat se onderwysstelsel enersyds en die provinsies se onderwysstelsels andersyds ten einde eersgenoemde se onderwysfunksies en organisasie in beter perspektief te stel en norme vir evaluering te probeer vind.

2. 'n Vergelyking van die onderwysdienste wat deur die provinsies en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap aangebied is.

Die aanvanklike verdeling van die onderwys in Suid-Afrika was soos volg:

- Laer en middelbare onderwys het onder die provinsies geresorteer.
- Universitêre (hoër) onderwys, wat in 'n groot mate outonomie geniet het, het onder die beheer van die Unie-Onderwysdepartement geval.
- Die opleiding van onderwysers in die 2de en 3de klas is deur die provinsies behartig terwyl die 1ste klas onder die Unie-Onderwysdepartement geval het.

42) National Bureau of Educational and Social Research. Education in South Africa, (hersiene uitgawe : 1964), p.105.

- Beroepsonderwys is deur die provinsies behartig, behalwe dat sodanige onderwys wat aan die tegniese kolleges gedoseer is, in die kategorie van hoër onderwys beland het (wat dit streng gesproke nie was nie) en gevolglik onder die indirekte beheer van die Unie-Onderwysdepartement gekom het.
- Landbou-onderwys het onder provinsiale beheer geval.
- Spesiale onderwys (vir liggaamlike en verstandelike gestremdes) het onder die provinsies geressorteer behalwe vir die privaatskole wat van tyd tot tyd gestig is.
- Nywerheidskole en verbeteringskole was onder die jurisdiksie van die Departement van Justisie.

Die belangrikste veranderinge wat later, op verskillende tye, gekom het, is dat die volgende soorte onderwys deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem is;

- nywerheid- en verbeteringskole
- beroepsonderwys (tegniese, huishoudkundige en handelskole; asook tegniese kolleges)
- spesiale skole.

Landbouskole is vir n kort tydjie deur die Unie-Onderwysdepartement behartig, waarna dit weer aan die provinsies teruggegee is. Beroepsonderwys is in 1968 weer aan die provinsies teruggegee ingevolge die nuwe bedeling wat in dié jaar in ons onderwysstelsel gekom het.

Die volgende diagram gee n voorstelling van die verskillende onderwysdienste wat deur die Staat en die provinsies verskaf is tot 1968.⁴³⁾

43) Terwyl hierdie ondersoek in n groot mate histories van aard is, word die bedeling tot 1967 hier weergegee omdat dit die oorgrote deel van die ondersoektydperk verteenwoordig. Die veranderinge wat na 1967 ingetree het, word in hoofstuk IV uiteengesit.

ONDERWYSDIENSTE WAT DEUR DIE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE
EN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP VERSKAF IS

Vlak	Provinsiale Onderwysdepartemente	Departement van Onderwys Kuns en Wetenskap ⁴⁴⁾
H O ë R	Onderwysersopleiding (opleidingskolleges)	Onderwysersopleiding (tegniese kolleges) diploma-kursusse (tegniese kolleges)
S E K O N D ê R	Gewone hoërskole Landbouskole Spesiale skole	Tegniese kolleges Vakleerlingskole Voortsettingsklasse Beroepskole Nywerheidskole Verbeteringskole Spesiale skole
P R I M ê R	Gewone laerskole Spesiale skole Kleuteronderwys (gesubsidieerd)	Spesiale skole

⁴⁴⁾
* Sommige van die inrigtings is ten volle onder die beheer van die Staat, terwyl die ander slegs gesubsidieer word (staatsondersteunde inrigtings).

44) Bron : National Bureau for Educational and Social Research. Education in South Africa.

Die volgende soorte skole word deur die provinsies ge-administreer:

Kleuterskole (gesubsidieër)
 Juniorskole
 Laerskole
 Middelbare skole en hoërskole
 Hoër landbouskole
 Hoërskole vir kuns, musiek en ballet
 Onderwyskolleges (na st. x)
 Spesiale skole, of Spesiale klasse verbonde aan gewone skole, vir:

- a. Verstandelik-subnormale leerlinge
- b. Leerlinge met gedragsprobleme
- c. Hardhorende leerlinge
- d. Kroniese siek leerlinge verbonde aan hospitale
- e. Spraakgebrekkige leerlinge in gewone klasse of in spesiale skole of spesiale klasse.

Die volgende soorte inrigtings het tot 1967 onder die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gestaan:

Universiteite (slegs gesubsidieër) - vanaf 1910

Hoër beroepskole (insluitend hoër tegniese, hoër handel- en hoër huishoudskole) - vanaf 1925 tot 31 Maart 1968. Hoër beroepskole is op 1 April 1968 deur die provinsiale onderwysdepartemente oorgeneem;

Tegniese kolleges (gesubsidieër vanaf 1922 en sommige volle staatsinrigtings vanaf 1955). Vanaf 1968 het 'n aantal kolleges vir gevorderde tegniese onderrig geword (waarvan 5 tans staatsondersteunde en 1 'n departementele inrigting is)

Vakleerlingskole (later genoem tegniese kolleges)

Voortsettingsklasse (later genoem tegniese institute)

Spesiale skole vir buitengewone onderwys

Hoër landbouskole vanaf 1925 tot 1938.⁴⁵⁾

45) *Erudita Publikasies*, op.cit., p.3. (vergeelyk ook National Bureau for Educational and Social Research: Education in South Africa, p.4.)

3. n Vergelyking van die administrasie van die onderwys van die provinsiale onderwysdepartemente met die administrasie van die sentrale onderwysdepartement.

Die provinsiale onderwysdepartemente val onder die provinsiale Uitvoerende Mag, dit wil sê die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee en die provinsiale Wetgewende Mag, die Provinsiale Raad, wat die mag het om ordonnansies rakende onderwys te maak ingevolge die bepalings van die Grondwet.⁴⁶⁾ Die Parlement van die Republiek bly egter die soewereine wetgewende gesag⁴⁷⁾ en derhalwe is provinsiale wetgewing ondergeskik aan dié van die Sentrale Regering. Vanaf 1968 het die Minister van Nasionale Opvoeding ingevolge Wet No. 39 van 1967 die mag om die hele Republiek se onderwysbeleid te formuleer⁴⁸⁾ (insluitend die provinsies en die Departement van Nasionale Opvoeding). Die Administrateurs van die onderskeie provinsies is verplig om hierdie beleid uit te voer.⁴⁹⁾ Die administratiewe opset van die verskillende provinsiale onderwysdepartemente het na 1967 egter basies onveranderd gebly.

Bo en behalwe hulle grondwetlike bevoegdhede word aan die administrateurs nog verdere bevoegdhede toegeken by wyse van ordonnansies. Die omvang van laasgenoemde bevoegdhede hang saam met die graad van sentralisasie of desentralisasie in die betrokke provinsie. Natal is hier n voorbeeld van n sterk gesentraliseerde provinsiale regering, terwyl die Kaapprovinsie weer relatief gedesentraliseerd is.⁵⁰⁾

In teenstelling met die provinsies (met die uitsondering van Natal) het die Sentrale Regering n sterk gesentraliseerde onderwysstelsel. Aan die hoof van die Departement van Nasionale Opvoeding is die Sekretaris, wat die rekenpligtige amptenaar is en direk aan die Minister van Nasionale Opvoeding (vroëer Minister van Onderwys) verantwoording moet doen. Die Sekretaris, bygestaan deur sy administratiewe amptenare is verantwoordelik vir die onderwysadministrasie.

46) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet No. 32 van 1961), artikel 84.

47) Ingevolge artikel 59(1) van die Grondwet.

48) Wet No. 39 van 1967, artikel 2(1).

49) Wet No. 39 van 1967, artikel 2(2).

50) Vermaak. Ons provinsiale Onderwysstelsels. n Vergelykende studie van die funksies en organisasie, p.94.

Met die skepping van die Departement van Nasionale Opvoeding op 1 November 1970 is n pos van Direkteur van Onderwys geskep⁵¹⁾ en is hierdie amptenaar verantwoordelik vir die onderwys soos aan hom gedelegeer deur die Sekretaris.

Plaaslike owerhede en ouers het baie min gesag in die onderwys sake van hierdie Departement. Die Adviserende Raad (skoolkomitee) van elke skool word ingevolge artikel 3(1) van die Wet op Onderwysdienste van 1967 deur die Minister aangesel sonder die tussenkoms van die ouers.

As staatsdepartement is die Departement se organisasie nou gekoppel aan die kontrolerende gesag van die Staatsdienskommissie en die Tesourie,⁵²⁾ in teenstelling met die provinsiale onderwysdepartemente. Ten regte of ten onregte, het hierdie verbintenis al meermale ontevredenheid (vanweë die "frustrerende restriksies") by die Departement se onderwyspersoneelvereniging veroorsaak,⁵³⁾ wat hom daarvoor beywer het dat die Departement hom van die Staatsdienskommissie moet losmaak.⁵⁴⁾ Die administratiewe personeel by hoofkantoor en by die skole se diensvoorwaardes is dieselfde as dié van alle ander staatsamptenare en word regstreeks deur die Minister op aanbeveling van die Staatsdienskommissie bepaal.⁵⁵⁾

Sekere van die Departement se onderwysdienste word verrig in noue samewerking met ander staatsdepartemente, soos byvoorbeeld die Departement van Volkswelsyn en Pensioene (in verband met sorgbehoewende leerlinge by nywerheids- en verbeteringskole) en die Departement van Gesondheid (in verband met leerlinge by spesiale skole).

51) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1970, p.7.

52) Vergelyk verskillende bepalings van die onderwyswette wat aan die Departement opgedra is.

53) Voorsittersrede op die kongres van die S.A.V.V. (gehou in September 1954), Werk, Maart 1955 (No. 88), p.16.

54) Kongresbesluit (kongres gehou in April 1950); Werk, September 1951 (No. 77), p.19.

55) Vide artikel 17 van Wet No. 41 van 1967.

Die onderwyswetgewing van 1967 het n nuwe dimensie aan die aandeel van die Sentrale Regering in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel toegevoeg. Die sentrale onderwysdepartement het sy neweskikkende posisie met betrekking tot die provinsiale onderwysdepartemente as verskaffer van bepaalde onderwysdienste behou, alhoewel daar n verandering in sy onderwysfunksies gekom het. Hierdie veranderinge, ~~wat~~ die aksent van sekondêre beroepsgerigte onderwys na tersiêre beroepsgerigte onderwys laat verskuif het, word in die volgende hoofstuk behandel.

-----oOo-----